KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

# NOTULE VAN 'N BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OM 09:00 OP DINSDAG 6 FEBRUARIE 2018 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP

# *MINUTES OF A MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON TUESDAY, 6 FEBRUARY 2018 AT 09:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP*

## RAADSLEDE

| | | |
|---|---|---|
| MNR | P J SWART | Uitvoerende Burgemeester |
| ME | Z TONISI | Uitvoerende Onder-Burgemeester |
| MNR | G D BURGER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| ME | M OCTOBER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |

## AMPTENARE

| | |
|---|---|
| Mnr D van Wyk | nms Direkteur: Finansies- en IT Dienste |
| Mnr K Mrali | Direkteur: Bestuursdienste |
| Mnr S Cooper | Bestuurder: Elektrotegniese Dienste |
| Mnr B Hayward | Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning |
| Mnr G M Moelich | Bestuurder: Administrasie |
| Me N Mhlati-Musewe | Divisional Head: HR Services & Organisational Development |
| Me T Stone | Divisional Head: Strategic Planning & Administration |
| Mnr F du Toit | Bestuurder: Boubeheer |

## 1. OPENING

Die Burgemeester heet die teenwoordiges welkom en Raadslid Tonisi open die vergadering met gebed.

## 2. AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / *APPLICATIONS FOR LEAVE*

| | |
|---|---|
| Mnr D O'Neill | Munisipale Bestuurder |
| Mnr H Van Biljon | Direkteur: Finansies- en IT Dienste |

3. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

4. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING**

4.1 **NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP:**

1 Desember 2017

***BESLUIT BK2/2018***

Bogenoemde Notule word as korrek en volledig bekragtig.

5. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE**

5.1 Die Burgemeester versoek dat die RSEP (Regional, Social, Economic Program) en die VPUU (Violance, Prevention Through Urban Upgrading program) dringend aandag geniet en dat die aangewese komitee so spoedig moontlik vergader om die publieke deelname proses te bepaal en die voorsitter aan te wys.

5.2 Dat 'n vergadering met Provinsie belê word en die komitee neem kennis van die werkswinkel in dié verband wat op 12 Februarie 2018 plaasvind.

6. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

6.1 **BRIEWE VAN DANK**

Geen.

6.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

(i) Op 6 Februarie 2018 vind die tjek oorhandiging aan verskeie organisasies plaas van fondse wat deur die Burgemeestersgholfdag geïn is.
(ii) 'n Vergadering met verskeie rolspelers en ter plaatse besoek op behuisingsprojek F vind op 7 Februarie 2018 plaas.
(iii) Op 9 Februarie 2018 vind 'n besoek aan McGregor (Langeberg Munisipaliteit) plaas om ondersoek in te stel na die nuut geboude HOP-huise.

7. **VERSLAE**

**Bladsy: Agenda**

7.1 **VERSLAG VAN DIE INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE**

7.1.1 **Elektrotegniese Dienste / *Electro Technical Services***

Maandverslag: November en Desember 2017 **4**

7.1.2 **Infrastruktuurdienste / *Infrastructure Services***

Maandverslag: November en Desember 2017 **4 - 5**

**Bladsy: Agenda**

7.2 **VERSLAG VAN DIE BESTUURSDIENSTE KOMITEE**

7.2.1 **Direkteur: Bestuursdienste / *Director: Management Services***

Maandverslag: November en Desember 2017 **5 - 6**

7.3 **VERSLAG VAN DIE FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

| | | |
|---|---|---|
| 7.3.1 | Maandverslae: November en Desember 2017 | **6 - 7** |
| 7.3.2 | Quarterly SCM Implementation and Oversight Report: 31 Dec 2017 | **7** |
| 7.3.3 | Vervreemding: Erf 2838, Struisbaai | **8 - 9** |
| 7.3.4 | Vervreemding: Erf 377, Waenhuiskrans | **9 - 11** |
| 7.3.5 | Wysiging: Huurooreenkoms - Fietsverhuring, Struisbaai | **11 - 13** |
| 7.3.6 | Algemeen | **13** |


8. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen.

9. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

10. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN SKRIFTELIKE VRAE**

Geen.

11. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

12. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN UBK BESLUITE**

'n Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op **bladsy 14** van hierdie Notule.

13. **IN-KOMITEE VERSLAE**

Die In-Komitee items word vertroulik hanteer.

14. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 11:45

# 7. VERSLAE

## 7.1 INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / *INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE*

### 7.1.1 VERSLAG VAN DIE BESTUURDER: ELEKTROTEGNIESE DIENSTE VIR NOVEMBER EN DESEMBER 2017 / *REPORT FROM THE MANAGER: ELECTRO TECHNICAL SERVICES FOR NOVEMBER AND DECEMBER 2017*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae vanaf die Bestuurder: Elektrotegniese Dienste vir November en Desember 2017.

**AGTERGROND**

Verslae word aangeheg op ***bladsy 1 tot 21.***

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die Bestuurder: Elektrotegniese Dienste vir November en Desember 2017 aanvaar word. / *That the monthly reports from the Manager: Electro Technical Services for November and December 2017 be accepted.*

***AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK3/2018***

Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

### 7.1.2 VERSLAG VAN DIE AFDELING INFRASTRUKTUURDIENSTE VIR NOVEMBER EN DESEMBER 2017 / *REPORT FROM THE DIVISION INFRASTRUCTURE SERVICES FOR NOVEMBER AND DECEMBER 2017*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae van die afdeling Infrastruktuurdienste vir November en Desember 2017.

**AGTERGROND**

| **Verslae word soos volg aangeheg:** | Bladsy / *Page* |
|---|---|
| (i) Infrastruktuurdienste / *Infrastructure Services* | **22 - 41** |
| (ii) Boubeheer / *Building Control* | **42 - 53** |

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die afdeling Infrastruktuurdienste vir November en Desember 2017 aanvaar word. / *That the monthly reports from the division Infrastructure Services for November and December 2017 be accepted.*

***AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*
(ii) Dat daar dringend aandag geskenk word aan die skoonmaak van die Droërivier.

***BESLUIT BK4/2018***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat daar dringend aandag geskenk word aan die skoonmaak van die Droërivier asook alle stormwater slote.
(iii) Dat die Komitee kennis neem van addisionele waterbeperkings wat vanaf 9 Februarie 2018 ingestel sal word.
(iv) Dat kommunikasie ten opsigte van noodplanne en persverklarings van die Raad beter bestuur word, wat ook insluit 'n maandelikse radio onderhoud deur die Burgemeester.

## 7.2 BESTUURSDIENSTE KOMITEE / MANAGEMENT *SERVICES COMMITTEE*

### 7.2.1 VERSLAE VAN DIE DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE VIR NOVEMBER EN DESEMBER 2017 / *REPORTS FROM THE DIRECTOR: MANAGEMENT SERVICES FOR NOVEMBER AND DECEMBER 2017*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae vanaf die Direkteur: Bestuursdienste vir November en Desember 2017.

**AGTERGROND**

| **Verslae word soos volg aangeheg:** | **Bladsy / *Page*** |
|---|---|
| (i) Publieke Dienste / Public Services | **54 - 69** |
| (ii) Behuising / *Housing* | **70 - 75** |
| (iii) Biblioteekdienste / *Library Services* | **76 - 87** |
| (iv) Beskermingsdienste / *Protection Services* | **88 - 101** |

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die Direkteur: Bestuursdienste vir November en Desember 2017 aanvaar word.
*That the monthly report from the Director: Management Services for November and December 2017 be accepted.*

***AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die departement dringend aandag skenk aan die volgende aangeleenthede:

a) 'n Volledige verslag oor die gebruik van sportvelde.
b) 'n Volledige verslag vir die "bou van badkamers" om spesifiek ook voorsiening te maak vir plaaslike bouers.
c) 'n Volledige verslag teen die einde van Maart 2018 ten opsgte van alle begraafplase "die huidige stand van sake en die pad vorentoe".

d) Dat Elite Consulting teen die einde van Maart 2018 'n volledige lys aan die Raad voorlê van alle "pre-approved" belangstellendes van GAP huise.
e) 'n Verslag voorgelê word ten opsigte van alle klagtes (van alle departemente) wat handel oor die nuut geboude HOP-huise.
f) 'n Volledige verslag wat handel oor die moontlikheid dat aspirant voertuigbestuurders die munisipale uitpaseringsbaan mag gebruik vir oefening voor uitpasering.

***BESLUIT BK5/2018***

(i) Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
(ii) Dat 'n volledige verslag voorberei word insake 'n skofstelsel en beskermde klere vir Wetstoepassingsbeamptes.
(iii) Dat terugrapporteringsverslae van die afgelope feesseisoen deur alle departemente aan die Komitee voorgelê word.

## 7.3 FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / FINANCE- AND IT *SERVICES COMMITTEE*

### 7.3.1 MAANDVERSLAG: FINANSIES- EN IT DIENSTE VIR NOVEMBER EN DESEMBER 2017 / *MONTHLY REPORT: FINANCE- AND IT SERVICES FOR NOVEMBER AND DECEMBER 2017*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir November en Desember 2017.

**AGTERGROND**

Verslae word soos volg aangeheg:

| | | |
|---|---|---|
| (i) | **Kantoor van die Munisipale Bestuurder / *Office of the MM*** | **Bladsy / Page** |
| | • Strategiese Dienste / *Strategic Services* | **102 - 110** |
| | • Administrasie / *Administration* | **111 - 115** |
| | • Stadsbeplanning / *Town Planning* | **116 - 125** |
| | • Menslike Hulpbonne / *Human Resources* | **126 - 142** |
| | • Menslike Ontwikkeling / *Human Development* | **143 - 148** |
| | • Sosio-Ekonomiese Dienste / *Socio Economic Services* | **149 - 154** |
| (ii) | **Finansiële Dienste en Tesourie / *Finance and Treasury*** | **Bladsy / Page** |
| | • Financial Management | **155 - 171** |
| | • Revenue | **172 - 191** |
| | • Expenditure | **192 - 210** |
| | • Budget and Treasury | **211 - 221** |
| | • Supply Chain and Fleet Management | **222 - 241** |
| | • Information Communication | **242 - 252** |

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir November en Desember 2017 aanvaar word.
*That the monthly reports from the department Finance- and IT Services for November and December 2017 be accepted.*

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK6/2018***

(i) Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesters-komitee aanvaar word.
(ii) Dat 'n volledige strategie opgestel word vir die CRDP (Comprehensive Rural Development Programme) vir Struisbaai.

7.3.2 **QUARTERLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT REPORT FOR THE PERIOD ENDED 31 DECEMBER 2017 (DFS)**

**PURPOSE OF REPORT**

The accounting officer must, within 10 days of the end of each quarter, submit a report on the implementation of the supply chain management policy to the mayor. The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(3) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the second quarter from 1 October 2017 to 31 December 2017, in order to strengthen Council's oversight role.

**IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY**

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in March 2017 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provicial Treasury to give effect to the compliance aspect. This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

**COMMITTEES**

The bid committees are established and are fully functioning according to Council's SCM Policy and the SCM Regulations. The committees are listed below:

- Bid Specification Committee (BSC)
- Bid Evaluation Committee (BEC)
- Bid Adjudication Committee (BAC)

For detailed information on the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 31 December 2017, see ***page 253 to 264.***

***MANAGEMENT RECOMMENDTION***

That Council take note of the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 31 December 2017.

***RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***RESOLUTION BK7/2018***

That the recommendation of the Finance- and IT Services Committee be accepted as resolution of the Mayoral Committee.

7.3.3 **AANSOEK OM VERVREEMDING (KOOP) VAN ERF 2838, STRUISBAAI (COLLAB: 253873) (WYK 5)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr B Connan ten einde erf 2838, Struisbaai te koop (liggingsplan aangeheg op ***bladsy 265***).

**ALGEMENE INLIGTING**

| | | |
|---|---|---|
| Eienaars | : | KAM |
| Ligging | : | Erf 2838, Stirelitziastraat, Struisbaai |
| Huidige Sonering | : | Oop Ruimte |
| Erf Grootte | : | 700m² |
| Bestaande grondgebruik | : | Vakant |

**AGTERGROND**

'n Skriftelike versoek soos aangeheg op ***bladsy 266*** is van mnr B Connan ontvang om erf 2838, Struisbaai by die Raad te koop.

**MARKWAARDASIE**

R175 000,00 (aangeheg op ***bladsy 267***)

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

**WETLIKE IMPLIKASIES**

| Council policy | Alienation of land |
|---|---|
| **MFMA** | 1. **Sect 14(2)(a):** asset not required for minimum level of basic services.<br>2. **Sect 14(2)(b):** consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset.<br>3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below).<br>4. **Sect 33:** Contracts having long term financial implications. |
| **MATR** | 1. **Definition of "high value asset":** *"fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:*<br>*a) R50 million;*<br>*b) One percent of the total value of the capital assets of the municipality….*<br>*c) An amount determined by resolution of the council of the municipality …… which is less than (a) or (b).*<br>2. **Definition of "realisable value":** fair market value less estimated costs of completion.<br>3. **Definition of "right to use, control or manage":** when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.<br>4. **Regulation 5** (decision-making).<br>5. **Regulation 6** (public participation) |
| **SCM Regulations SCM Policy** | **Regulation 40: (Disposal Management)** Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth |

**DEPARTEMENTELE KOMMENTARE**

**ELEK**
There is electricity in the area so that will not be a problem, the price looks very low for 700m in Struisbaai.

**BESTUURDER: STADSBEPLANNING**
Dit is privaat eiendom.

**BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE**
Ek kan die vervreemding ondersteun, solank die volledige prosesse van vervreemding gevolg word, per openbare tender.

**BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER**
In orde.

**BESTUURDER: WATER EN RIOOL**
'n Wateraansluiting kan vir die erf voorsien word.

***BESTUURSAANBEVELING***

Aangesien die eiendom, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van erf 2838, Struisbaai ongeveer 700m² in grootte, op voorwaarde:

(i) Dat die Raad 'n Landmeter aanwys wat genoemde gedeelte sal registreer en konsolideer met die koper se bestaande erf, vir die koste van die koper.
(ii) Dat die markwaarde soos bepaal, as koopprys van toepassing sal wees.
(iii) Dat alle wetlike prosesse gevolg sal word, soos onder andere die voorneme van vervreemding aan die publiek bekend gemaak moet word.

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling nie aanvaar word nie.
(ii) Dat die Wykskomitee se kommentaar afgewag word.
(iii) Dat Stadsbeplanning verdere ondersoek doen oor die aangeleentheid (onder andere die sonering van die oop ruimte).

***BESLUIT BK8/2018***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling nie aanvaar word nie.
(ii) Die Wykskomitee versoek dat daar drie volledige waardasies verkry word.
(iii) Dat Stadsbeplanning verdere ondersoek doen oor die aangeleentheid (onder andere die sonering van die oop ruimte).
(iv) Dat die aangeleentheid oorstaan tot na afhandeling van die verdere ondersoek.

7.3.4 **AANSOEK OM VERVREEMDING (KOOP) VAN GEDEELTE ERF 377, WAENHUISKRANS (COLLAB:168156) (DKD/LDC) (WYK 6)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van Siloam Community Church ten einde 'n gedeelte van erf 377, Waenhuiskrans te koop om dit vir Godsdienstige doeleindes aan te wend (liggingsplan aangeheg op ***bladsy 268***).

**ALGEMENE INLIGTING**

| | | |
|---|---|---|
| Eienaars | : | KAM |
| Ligging | : | Erf 377, Kampstraat 2, Waenhuiskrans |
| Huidige Sonering | : | Onbepaald |
| Erf Grootte | : | 6927m² |
| Voorgestelde Grootte | : | 1200m² |
| Bestaande grondgebruik | : | Vakant |

## AGTERGROND

'n Skriftelike versoek soos aangeheg op ***bladsy 269*** is van Siloam Community Church ontvang, om 'n gedeelte van erf 377, Waenhuiskrans by die Raad te koop.

## FINANSIëLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

## WETLIKE IMPLIKASIES

| Council policy | Alienation of land |
|---|---|
| **MFMA** | 1. **Sect 14(2)(a):** asset not required for minimum level of basic services.<br>2. **Sect 14(2)(b):** consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset.<br>3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below).<br>4. **Sect 33:** Contracts having long term financial implications. |
| **MATR** | 1. **Definition of "high value asset":** *"fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:*<br>*a) R50 million;*<br>*b) One percent of the total value of the capital assets of the municipality….*<br>*c) An amount determined by resolution of the council of the municipality …… which is less than (a) or (b).*<br>2. **Definition of "realisable value":** fair market value less estimated costs of completion.<br>3. **Definition of "right to use, control or manage":** when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.<br>4. **Regulation 5** (decision-making).<br>5. **Regulation 6** (public participation) |
| **SCM Regulations SCM Policy** | **Regulation 40: (Disposal Management)** Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth |

## DEPARTEMENTELE KOMMENTARE

**MUNISIPALE BESTUURDER**
Geen kommentaar. Volg die wetlike prosesse vir die vervreemding van grond. Maak ook seker dat alle kostes (landmeter,hersonering, oordrag) by die koopprys ingesluit word.

**DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE**
No objeections.

**DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE**
No objections.

**ELEK**
Eskom supply area.

**BESTUURDER: STADSBEPLANNING**
Slegs 'n gedeelte vir vervreemding en nie die hele erf nie. Hersonering en onderverdeling vir die aansoeker se rekening.

**BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER**
Strate stormwater het geen beswaar.

**BESTUURDER: WATER EN RIOOL**
Erf 377 kan van water- en riooldienste voorsien word.

**BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE**
No objection, but if there is a high demand for church erven it should be considered putting it on tender / auction.

**BESLUIT: LD 21/2017**

Dat goedkeuring by die Raad verkry word, vir die hersonering en onderverdeling van erf 377, Waenhuiskrans, voor die vervreemding van die erf.

**Op 25 April 2017 is die volgende Bestuursaanbeveling aan die Raad gedoen:**

"*Aangesien die eiendom, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van gedeelte erf 377, Waenhuiskrans, op voorwaarde dat:*

*(i) Die Stadsbeplanningsafdeling voortgaan met die hersonering en onderverdeling van die voorgestelde kerkperseel.*
*(ii) Dat die erf vervreem word op publieke tender soos per die goedgekeurde Kerkbeleid, soos aangeheg.*"

**Die Raad besluit op 25 April 2017 soos volg (Besluit 81/2017):**

"*Dat die aangeleentheid terugverwys word vir verdere ondersoek wat ook sal insluit die hersonering en die onderverdeling van die genoemde erf.*"

Kwotasie van hersonering en onderverdeling word aangeheg op ***bladsy 272.***

***BESTUURSAANBEVELING***

Aangesien die eiendom, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van gedeelte erf 377, Waenhuiskrans, op voorwaarde dat:

(i) Die Stadsbeplanningsafdeling voortgaan met die hersonering en onderverdeling van die voorgestelde kerkperseel.
(ii) Dat die erf vervreem word op publieke tender soos per die goedgekeurde Kerkbeleid, soos aangeheg op ***bladsy 273.***

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

***BESLUIT BK9/2018***

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.3.5 **OORWEGING VAN WYSIGINGS IN HUUROOREENKOMS TUSSEN KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT EN FIETSVERHURING BESIGHEID IN STRUISBAAI**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr Tony Florence BEN Bikes - BEC program manager, om wysigings aan te bring in die huurooreenkoms.

**AGTERGROND**

Mnr Deon Wildschut besit 'n fietsverhuring besigheid in Struisbaai hawe en het 'n staanplek in die parkeerarea by die Struisbaai hawe gekry by Kaap Agulhas Munisipaliteit, die eienaar van die grond.

Mnr Wildschut het 'n huurooreenkoms ontvang vanaf die Kaap Agulhas Munisipaliteit om te onderteken. Die perseel is wel deur die Huurder gebruik.

Mnr Wildschut, 'n jeugdige van Struisbaai, het 'n inisiatief begin deur 'n fietsverhuring besigheid in Struisbaai hawe te open waar hy fietse aan toeriste verhuur. Die erf waarop die vraghouer geleë is is die eiendom van Kaap Agulhas Munisipaliteit. Die vraghouer waaruit hy sy besigheid bedryf en die fietse wat hy verhuur is aan hom geskenk deur "BEN BIKES". Hy is reeds geruime tyd besig met die verhuring van fietse by die Struisbaai hawe vanwaar hy sy besigheid bedryf.

Kaap Agulhas Munisipaliteit het toestemming aan mnr Wildschut gegee vir die staanplek vir sy vraghouer in die parkeerarea in die hawe. Mnr Wildschut het intussen ook aansoek gedoen by die Raad vir 'n kragpunt om koeldrank en water te kan verkoop en dit is goedgekeur vir 'n bepaalde bedrag deur 'n Raadsbesluit (BK/240/2014). Die bedrag is ook reeds deur mnr Wildschut vereffen, maar as gevolg van die huurkontrak kon die kragpunt nog nie geïnstalleer word nie.

**Die volgende besluit is op 27 Februarie 2017 deur die Raad geneem:**

"***BESLUIT 11/2017***

*(i) Dat die Raad goedkeuring verleen dat daar 'n huurkontrak opgestel word tussen Kaap Agulhas Munisipaliteit en mnr Deon Wildschut vir 12 maande met die opsie om dit te verleng met 'n verdere 12 maande.*
*(ii) Dat 'n bepaling in die ooreenkoms ingesluit word waarby die Raad die reg voorbehou om die huurder binne die perseel te verskuif sou die grond benodig word.*
*(iii) Dat oorweging geskenk word om huurgeld van R500 per maand te hef vir die staanplek.*
*(iv) Dat die aansluiting van die kragpunt sal plaasvind sodra die huurkontrak onderteken is.*
*(v) Dat alle wetlike prosesse gevolg word met die opstelling van die huurkontrak en die installering van 'n kragpunt vir die besigheid."*

Die onderstaande wysigings in die huurooreenkoms word versoek deur mnr Tony Florence BEN Bikes - BEC program manager - Huurooreenkoms aangeheg op ***bladsy 274***:

*Good day Paul, herewith our feedback (and request for ammendments) related to the draft rental agreement for the Struisbaai BEC (Deon Wildschudt) as requested.*

1. *It is noted in the introduction that the agreement lists erf 854 with a site-map attached referring to an alternative site (not the existing site) set far back and away from the passing trade that Deon has built his business on which will surely be detrimental to the business. As the agreement already states that he may be shifted within the parking area once development starts, we request that the agreement reflects the current site until such time when development starts and it is required for the venture to be shifted.*
2. *POINT:1 As discussed in our last meeting, in order to secure donor investment to up-grade and support Deon's business, we require more security in terms of the length of the agreement and therefore request a 3 to 10-year agreement period. This kind of security is critical to the survival of any small enterprise and will go a long way in ensuring sustainability of this venture.*
3. *POINT:3 As a locally managed enterprise with a very strong social focus, affordability is also very important and should be aligned with what other local businesses have been granted by the municipality in terms of local economic development. We therefore wish to motivated that a monthly rental of R1 per month be implemented.*
4. *POINT:7 It is noted that the main business is bicycle related but this particular venture also has a strong tourism angle which makes it possible to offer basic allied products such as spring water, umbrella rentals, apparel etc. We therefore request that the business focus be listed as "broad bicycle and tourism related products and services."*

*5. POINT:15 We accept that when the tenant is in breach of the agreement that such agreement could be cancelled but request more detail in this paragragh with regard to procedure such as written warning etc.*

*We trust that our request is within reason and that we can finalise the document with the requested amendments as soon as possible.*"

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat oorweging geskenk word aan die versoek van die BEC Program Manager.
(ii) Dat die Raad die terugwerkende huurgeld hef.
(iii) Dat indien verhuringsvoorwaardes verander, die wetlike proses gevolg word.

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling nie aanvaar word nie.
(ii) Dat die Wykskomitee se kommentaar afgewag word.
(iii) Dat geen wysigings aan die bestaande kontrak gedoen word nie.
(iv) Dat 'n markverwante huur van toepassing sal bly.
(v) Dat die ooreenkoms vir 'n jaar-tot-jaar basis aangegaan word.
(vi) Dat die moontlike tarief wat gehef word vir stalletjies (R70 per dag) slegs vir vakansie dae gehef kan word.
(vii) Dat die UBK die aangeleentheid oorweeg.

***BESLUIT BK10/2018***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling nie aanvaar word nie.
(ii) Dat kennis geneem word van die Wykskomitee se kommentaar en ondersteuning van die projek.
(iii) Dat geen wysigings aan die bestaande kontrak gedoen word nie.
(iv) Dat 'n markverwante huur van toepassing sal bly.
(v) Dat die ooreenkoms vir 'n jaar-tot-jaar basis aangegaan word.
(vi) Dat die status quo ten opsigte van die ooreenkoms, gehandhaaf word.
(vii) Dat die Raad so spoedig moontlik die gebruik van alle oop ruimtes en publieke areas in die "rural development plan" ondersoek.

7.3.6 **ALGEMEEN**

Die Voorsitter gee geleentheid vir algemene insette vanaf Komiteelede.

**Die volgende aangeleenthede word hanteer:**

(i) Die artikel 71 rapportering deur die Direkteur: Finansies bevat nie genoegsame detail om die oorsigrol van Raadslede te vergemaklik nie.
(ii) Verduidelikende notas word versoek op die "beleggingstaat" om redes te verskaf waarom beleggings ontrek of gedeponeer is.
(iii) Die voorgestelde tydsraamwerke vir die 2018/19 begroting (soos vervat in bladsy 121) is nie op datum nie en daar word nie gehou by gestelde datums nie.

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE***

Dat die UBK kennis neem van die bogenoemde aangeleenthede.

***BESLUIT BK11/2018***

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

## 13. ONAFGEHANDELDE UBK BESLUITE

| Besluit Nr | Onderwerp | Verkorte Besluit | Vordering | Verant-woordelike persoon |
|---|---|---|---|---|
| BK195/2013 | Oorname van Elim Stortingsterrein (16/5/R) | (i) Met ODM onderhandel word alvorens oordrag plaasvind.<br>(ii) Na 2014/2015 begroting verwys word. | ***Tydens 'n vergadering tussen DEA, KAM, ODM en die Morawiese Kerk het die kerk besluit dat die stortingsterrein gesluit word. Vullis word per bakke karwy na Bredasdorp stortingsterrein.*** | DSID |
| BK11/2014 | Pad na Suiderstrand (16/3/3/2) | (i) In gesprek getree word met relevante rolspelers vir oorweging van 'n moontlike memorandum van ooreenkoms.<br>(ii) Na afhandeling van die memorandum van ooreenkoms daar by die Provinsiale Minister van Publieke Werke aansoek gedoen word vir eksterne befondsing om die pad te herstel. | ***SANPARKE gaan 1,2km van die pad plavei binne 2016/17 finansiële jaar.***<br>***Wyksraadslid het reeds versoek om befondsing aan die minister gerig.*** | DSID |
| BK18/2017 | Publieke strate en oopruimtes: Suiderstrand | Dat 'n prokureur aangestel word om die geïdentifiseerde eiendomme aan die munisipaliteit oor te dra in terme van 'n endossement van die gemelde Art 16 van die Wet op Registrasie van Aktes. | ***Mnr Kruger & Blignaut besig met oordragte.*** | BSSB |
| BK218/2017 | Vervreemding (koop): Erf 2789, Struisbaai | Dat die aangeleentheid terugverwys word vir verdere ondersoek en die inwin van 'n markwaarde as residensiële eiendom (in plaas van 'n publieke oop ruimte). | | Eiendoms-administrasie |
| BK221/2017 | Vervreemding (huur): Ged erf 1343, Bredasdorp | Dat die aangeleentheid terugverwys word sodat die Departement Landbou die dravermoë vir die aanhou van vee kan bepaal. | | Eiendoms-administrasie |
| BK223/2017 | Oorskryding: Ged erf 521, L'Agulhas | (i) Dat die aangeleentheid terugverwys word.<br>(ii) Dat Dept Omgewingsake genader word vir hul insette ten opsigte van die wetlike implikasies.<br>(iii) Dat die aangeleentheid teruggehou word in afwagting op die finale verslag van die Erfenis Beampte van Erfenis, Wes-Kaap. | | Eiendoms-administrasie |

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Komitee kennis neem van die onafgehandelde besluite.

***BESLUIT BK12/2018***

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

Hierna gaan die Komitee In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2018**

______________________________

**BURGEMEESTER** **DATUM:**